PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen
Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

die WAPAD
*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*
JAARGANG XXV VRYDAG 15 MEI 1970 NR.6

*J. Heidema*
*Kerkstraat 48, Potchefstroom.*
Telefoon 5319
VIR PUKKE
DIE FIETSWINKEL

**Akademiese Krisis**



Die studente is hard besig met akademiese bedrywighede. Ons fotograaf het hierdie foto in die biblioteek geneem terwyl daar hard geswoeg word vir die toetse. — Foto: Fotokuns).

# VIER DOSENTE ONTVANG DOKTORATE

**'N AANSIENLIKE aantal universiteitspersoneellede ontvang grade met die gradeplegtigheid môreoggend. Daarbenewens sal ook 17 voorgraadse diplomas en 55 eerste grade, 5 nagraadse diplomas; ongeveer 110 honneursgrade; 60 magistergrade en 13 doktorsgrade toegeken word.**

Vier dosente ontvang doktorsgrade. Mej. M. E. Botha, lektrise in die departement Kultuurkunde ontvang die D.Phil.-graad (met onderskeiding). Haar proefskrif is getitel: „Partikuliere volksorg in die Afrikaanse volkskultuur met verwysing na die ATKV (SAS EN H), 1930—1964".

Mnr. A. S. van Zijl, senior lektor in die departement Sosiologie, ontvang ook die D.Phil.-graad met onderskeiding met 'n proefskrif oor „Werkverhoudinge met spesiale verwysing na Bestuur en Vakbond — 'n bedryfsosiologiese studie".


Die D.Ed.-graad met onderskeiding word aan mnr. J. H. van Wyk, senior lektor in Interfakultêre Wysbegeerte toegeken. Sy proefskrif handel oor „Eksistensieteologie en aan mnr. R. B. Fourie, lektor in Godsdiensonderrig".

Die vierde doktorsgraad gaan aan mnr. R. B. Fourie, lektor in die departement Rekeningkunde en Ouditkunde. Hy ontvang die D. Comm.-graad met 'n proefskrif oor „Kosprys ten opsigte van melkproduksie vir die Witwatersrand beheerde gebied".

Mnr. T. Eloff, lektor in die departement Kosteberekening, ontvang 'n M.Comm.-graad. Sy verhandeling behandel „Die koste van tabakklassifikasie — 'n gevallestudie", terwyl mej. M. E. Grundlingh, lektrise in Sielkunde beloon word met 'n M.Sc.-graad met onderskeiding (verhandeling: „Downsindroom of mongolisme — 'n rorschachstudie"). Mnr. P. van Eldik en J. Swart, lektore in Wiskunde ontvang onderskeidelik die grade M.Sc. en Honns.B.Sc., albei met onderskeiding.

Mnr. C. J. H. Lessing, Adjunkbibliotekaris, verwerf die M.A.-graad in Biblioteekkunde met onderskeiding. Sy verhandeling is getitel: „Die finansiering van die Universiteitsbiblioteek". In die Administrasie ontvang mnr. J. J. van Tonder die Honns.B.Comm.-graad. Die Honns. B.Sc.-graad in Farmasie word aan mnr. A. P. Lötter, lektor in Farmaseutika, toegeken. Ook heelwat tydelike personeellede ontvang gevorderde grade.

## Daar he'jy dit



Klagtes is ontvang dat dames nie aan sport wil deelneem nie — veral netbal benodig talent.

# Verloofdes en slependes sal getroude kwartiere verwelkom

**GETROUDE kwartiere vir die studente — waarom nie op die Puk ook nie? As 'n mens 'n oomblik stilstaan by die gedagte, word dit al aanlokliker, veral hier in ons ou wêreld met sy groot getal nagraadse studente, en waar dit lankal mode geword het om 'n verloofde of getroude, of ten minste 'n vasslepende student te wees. Hoeveel probleme sal daarmee net nie opgelos word nie?**

Wat dink die studente self? 'n Verloofde farmasie student meen: „Om 'n woonstel te huur is onbetaalbaar duur. Waarom kan die PUK nie sy eie studente help deur naby of op die kampus aan hulle losies te verskaf nie?" Die studente wat genader is, het een en almal positief gereageer op die voorstel.

**Ander verloofdes het gemeen: „'n Mens spaar meer as jy jonk getroud is, jou geestestoestand is beter en rustiger, en dit sal beslis die swottery bevorder."**

PUIK IDEE

Van die jong getroude studente wat genader is, was dit eens dat dit 'n puik idee is. Die oorwoë mening was dat die getroude lewe vir hulle stabiliteit gebring het, in baie opsigte frustrasies uitgeskakel het, baie tyd word bespaar, en ure van niksdoen word omskep in geleenthede vir studies.

Van die „ouer" getroude studente het baie te sê gehad oor die groter aanpasbaarheid as die student so gou trou, en menig van die mans het met 'n glimlag gesê dat die jong boompie darem nog gebuig kan word wanneer nodig.

Almal was dit egter eens dat 'n studente-huwelik die aangewese ding is net as die twee mekaar lank genoeg ken, volwasse genoeg is, en die verantwoordelikheidsbesef het om 'n huwelik aan te durf.

**Toe daar nagegaan is op wat die getroude studente aan die huur van 'n woonstel alleen moet betaal, is daar gevind enige iets van R45 tot selfs R75. Die oorgrote meerderheid betaal 'n gemiddelde R55 vir hulle blyplek alleen.**

20 VERLOOFDES

In een van die kleiner dameskoshuise is daar ongeveer 20 verloofde dames, waarvan verskeie tweedejaars. Van hierdie dames sleep al tot vyf jaar lank met die wederhelf. Van die ander minderbevoorregtes moet maar hulle dae in eensaamheid slyt omdat die geld vir die ring ontbreek.

Dit sal 'n ideale toestand wees as hier getroude kwartiere vir die studente beskikbaar was op die kampus, georganiseer op dieselfde basis as die gewone koshuise. Hoe lyk dit dan? Tot dan moet die dames maar weemoedig bly sing: „Wanneer kom ons troudag Gerjie?"

## KARNAVAL IN OËNSKOU

**NABETRAGTING. Mens wil nie alles weer in detail herleef nie, maar ons sal tog ons plig versuim as ons nie melding maak van die suksesvolle verloop van die afgelope karnaval nie.**

Van die swierige opening tot by die kaas-en-wyn wat gekenmerk is deur 'n aangename atmosfeer, het alles bygedra tot dié karnaval der karnavalle.

Wie sal die uitbundige atmosfeer van die ‚gemaskerde middernag' vergeet — die twee langbeen ‚dametjies' met molekuul-mini's wat die mans so'gewêmp' het. En ook die sousboontjies van Liberalia en Klawerhof. Daardie puik afgewerkte vlot sal selfs Al Debbo skeef laat opkyk het.

En nou? Nou verkeer ons maar weer in die groef van toetskryf, en ons sing:

‚Hier op die P-U-K gronde . . .'

## NUWE RUBRIEK

Die Wapad begin in hierdie uitgawe met 'n nuwe rubriek, nl. „Studentemening". Daarin gee studente hulle eie standpunte t.o.v. aktuele sake. Eerste aan die woord is mnr. Fanie Coetzee, onder-voors. van die SR., en PNB-voorsitter. Hy gee sy mening oor kontak met nie-blanke studente op bl. 4.

## Liberalia se spogvlot



Liberalia het weer eers daarin geslaag om die eerste prys met hierdie spogvlot in te palm. — (Foto: Fotokuns).

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK

# 20th Century

Matinees Mon., Wed., Fri., and Sat. at 2.15 p.m.
Nightly at 8 p.m.

THURS., 14th to SAT., 16th
**SCOTTY SMITH**
* JOE STEWARDSON
* DIANE WILSON
Plus
**EAGLES 50**

SAT., MORNING at 9.45 a.m.
**JOHNNY THE GIANT HEART**

MON., 18th to SAT., 23rd.
**BATTLE OF BRITAIN**
* HARRY ANDREWS
* MICHAEL CAINE

# Goue Weste Inry

**Tel. 6437**

Friday, Saturday May 15, 16
N.B. Both Sessions
A Paramount Picture

**TARZAN AND THE JUNGLE BOY**
Panavision and Colour
* MIKE HENRY as TARZAN
The first Tarzan Adventure in Afrikaans!
Family entertainment at it's best!
You must come early to avoid disappointment!

Monday 18 May at 7.00 p.m.
Tuesday 19 May at 7.00 p.m.
Friday 22 May at 6.45 p.m.
Saturday 23 May at 6.45 p.m.
* BURT LANCASTER
* JEAN BETARS
In the Fabulous Western Drama.

**APACHE**
In Colour
The Show for the whole family

Wednesday 20 May at 7.00 p.m.
Thursday 21 May at 7.00 p.m.
Friday 22 May at 9.00 p.m.
Saturday 23 May at 9.00 p.m.
This is something special!
* REX HARRISON
* SUSAN HAYWARD
* CLIFF ROBERTSON
* MAGGIE SMITH
In the Brilliant Comedy!
De Luxe Colour

**THE HONEY POT**
This is a "MUST".

Monday 25 May at 7.00 p.m.
Tuesday 26 May at 7.00 p.m.
Friday 29 May at 6.45 p.m.
Saturday 30 May at 6.45 p.m.
Columbia Pictures Present
* JOHN MILLS
* MARK LESTER
It's a great movie.

**RUN WILD RUN FREE**
In Technicolor
Released by Ster Films.

Wednesday 27 May at 7.00 p.m.
Thursday 28 May at 7.00 p.m.
Friday 29 May at 9.00 p.m.
Saturday 30 May at 9.00 p.m.
Paramount Pictures Presents
* GIAN VOLONTE
* THOMAS MILIAN
In the thrilling action-packed Western!

**THE VIOLENT FOUR**
(No Persons 4—18)
Released by Ster Films.
In Technicolor.


FLORNA:

# LANGNAWEEKKAPERJOLLE IN DIE MAGALIESBERGE

**DRIE VOLLE DAE in 'n groep van vyftig studente in 'n kloof in die Magaliesberge. Bergklim, kampvuur hou, vleisbraai en (sleep), watter student sal dit nie graag wil meemaak nie.**

Dit alles is wat Florna beoog met sy volgende kamp tydens die langnaweek aan die einde van Meimaand. Florna is 'n onderliggaam van die A.O.B. wat hom beywer vir ontspanning in die natuur.

Na verneem word, is die persone in beheer van Florna druk besig met die finale reëlings vir die uitstappie. In 'n onderhoud met die Wapad het mnr. Gustav Rhörs gesê dat die kamp 'n voortsetting is van die kampe wat Florna alreeds by die Vaalrivier gehou het, maar dat dit nou net op 'n groter skaal aangepak word.

Die bus vertrek reeds die Vrydagmiddag van die kampus. Drie heerlike groot kampvure word beplan asook 'n staptoer die Saterdag in 'n kloof op. In die kloof word glo nie minder as tien watervalle verbygegaan nie en is die plantegroei glo aangewese vir die speel van terroris-terroris, die nuutste variasie op polisie en rowers.

Die koste van die kamp is nog nie finaal vasgestel nie, maar behoort in die omgewing van R3 per persoon te wees. Slegs 50 Pukke kan gaan waarvan 25 dames en 25 manne. Name kan vanaf 20 Mei by die S.R. kantoor ingehandig word.


# Potch Inry

**Tel. 5307 of 6345 bedags**

Vrydag 15 Mei om 6.45 nm.
Saterdag 16 Mei om 6.45 nm.
* JAMES GARNER
* GEORGE KENNEDY
* EVA RENZI
Diep in die oerwoud het hulle gesoek na die Diamante — die Vroue en elkander!

**THE PINK JUNGLE**
Technicolor Techniscope/Kleur

Vrydag 15 Mei om 9.00 nm.
Saterdag 16 Mei om 9.00 nm.
Met groot genoeë bied ons aan die Rolprent waarna u almal uitgesien het!
* JOHN WAYNE
* DAVID JANSENS
In die opwindende en rillende Drama!

**THE GREEN BERETS**
Panavision Kleur
Hierdie film durf u nie misloop nie!
(Niemand 4—16).
Warner Bros.

Maandag 18 Mei om 7.00 nm.
Dinsdag 19 Mei om 7.00 nm.
M.G.M. Bied aan:
* ROBERT TAYLOR
* JULIE LONDON
In the Puik ‚Western'.

**SADDLE THE WIND**
In Kleur.

Woensdag 20 Mei om 7.00 nm.
Donderdag 21 Mei om 7.00 nm.
Vrydag 22 Mei om 7.00 nm.
Saterdag 23 Mei om 7.00 nm.
L.W. Net een vertoning om 7 nm.
Dis hier! Daardie wonderlike Film waarvoor u aansoek gedoen het!
In die hoofrol — die onvergeetlike
* ANTHONY QUINN
* OSCAR WERNER
* JOHN GIELGUD
* BARBARA JEFFFORD
* JOHN OLIVIER
M.G.M. se aangrypende dramatiese meesterstuk!

**THE SHOES OF THE FISHERMAN**
Panavision Metro Kleur
Kom vroeg om teleurstelling te voorkom — en bring die hele gesin saam!

Maandag 25 Mei om 7.00 nm.
Dinsdag 26 Mei om 7.00 nm.
Vrydag 29 Mei om 6.45 nm.
Saterdag 30 Mei om 6.45 nm.
* ROBERT TAYLOR
* RON RANDALL
* ROSENDA MONTEROS
In die Groot Aksievolle ‚Western'!

**SAVAGE PAMPAS**
Eastman Kleur.

Woensdag 27 Mei om 7.00 nm.
Donderdag 28 Mei om 7.00 nm.
Vrydag 29 Mei om 9.00 nm.
Saterdag 30 Mei om 9.00 nm.
ORSON WELLES
* OLIVER REED
* CAROL WHITE
In Universal se Uitstekende Blyspel!

**I'LL NEVER FORGET WHAT'S HIS NAME**
In Technicolor/Kleur
(Niemand 4—18).


# OOR DIE ONDERDEUR

Nouja, nou's karnaval iets van die verlede. Dit was sowaar 'n bak een die. Wat sê julle.

Ek het 'n swaar gewig op die hart. Kom ons is eerlik: word my geagte lesers nie ook somtyds moeg vir die styl van hierdie rubriek nie. Ek meen nou maar om te sê. 'n Ou wat al sewe jaar hier op die Puk sit (wat nog te sê van nege jaar soos ek?) en jaar uit en jaar in lees: hierdie ou sê daardie aster is net die regte een vir hom met 'n variasie hier of daar ens. ens. hy is darem seker al moeg vir die storie.

Kom ons probeer een keer, net eenkeer afwyk, bv.

‚Slepers slepers daar in 'n ry,
een twee drie **Joe Enslin** stap verby.
Links regs **Cathy Bishop** mooi
reguit dam toe kwak soen klap'.

of hierdie een:

Ou **Callie** wou gaan opsit by die dam
met **Susan** hahum,
**Johan** en **Hester** sê toe kom ons
maak net so die ram hahum,
hul spring toe in 'n ryding en hul
ry toe na die damding
en die aster sê my ramding kom
ons v... hier by die damding
hahum, hahum, hahum'.

of ons gebruik 'n sprokie.

Eendag het Prins **Hennie de Villiers** gehoor van 'n slapende prinses **Ronel Knoetze**. Hy spring toe op sy hings **Piet Roodt**, wat net swaar afskeid neem van sy merrie **Annatjie van Biljon**. By die kasteel aangekom maak hy sommer self die deur oop en betrap hofknaap **Leon Hattingh** waar hy so pas die diamant uit die koning se kroon gesteel het vir **Elsabe van Wyk**. Na 'n lang gesukkel kom hy by die prinses uit, kus haar en hulle het lank gelewe ens... (?)

Ons probeer nog een. Eendag het die **Magriet Burden** deur die bos gestap om vir haar ouma **kos** te vat. Toe kom **Hennie Bernhardt** by haar en sê: kom ons vat altwee die kort paadjie... 'n klomp jagters daar naby:**Dawie Viljoen, Theo Harris, Roelie Aucamp** en nog baie ander hoor toe iemand gil — hulle storm almal gelyk, maar al wat hulle kon kry was wolf **Tobie Lourens** wat alreeds vir **Louisa Lorenzen** ingesluk het.

O ja, nog 'n storie. 'n Sekere prins K. aan die noorde van die campus in 'n plat kasteel (nié by die tennisbane nie) het 'n prinses C. in die suide baie verwaarloos. Nou gaan dit weer aan... prominent van die begin van die karnaval af — 'n goeie begrip...

Nouja, liewe Heksie het nou weer bietjie vergeet van slepers se name.

Volgende keer meer.

# KIESAFDELINGS VIR STUDENTE BEPLEIT

**STUDENTE MOET hulle eie parlementêre kiesafdeling kry. Dan kan studente hulle eie kandidate stel en kies. Hierdie voorstel kom van dr. W. W. M. van Eiselen, 'n Bantoekundige. Hy het tydens die Universiteit van Port Elisabeth se gradeplegtigheid gepraat.**

Volgens hom is die stem van studente onder die huidige stelsel skaars hoorbaar. Die Suid-Afrikaanse studente het die reg om hulle eie stem te laat hoor, en almal wil dit ook graag hoor. Studente speel 'n belangrike rol in Suid-Afrika se toekoms.

Op die oomblik kan studente egter nie anders as om vir een van die gestelde kandidate in 'n kiesafdeling te stem nie, hoewel hulle meestal nie die verligte sienswyse van die student weerspieël nie.

Dr. Eiselen meen dat die Parlement beslis deur so 'n stap bevoordeel sal word en dat die studente dit ook sal verwelkom.

# Pukkieverkope suksesvol

Die Pukkie het oor die algemeen baie beter verkoop as ander jare. Ongelukkig is dit so dat daar nog nie akkurate syfers beskikbaar is nie.

Daar is wel 'n rekord opgestel. Vir die eerste keer in die Puk se geskiedenis was daar die aand met die uitdeel van die Pukkies 'n tekort aan die blaadjies. Dit is meegebring deur die nuwe basis waarop die verspreiding plaasvind, naamlik die koshuisbasis. Die wenners van die kompetisie sal by 'n latere geleentheid aangekondig word.


**CACHET APTEEK**

**DIE STUDENTE-APTEEK**

**Agente vir:**

REVLON- EN RIMMEL- SKOONHEIDSPERPARATE

TABAC- SKEERPREPARATE VIR MANS

**Kom oortuig uself van ons onoortreflike diens**

**FOON 4201**
**TOMSTRAAT 92.**

**Groot genoeg om te bedien — Klein genoeg om u te ken.**


**ONS IS AMPTELIKE VERSKAFFERS VAN U UNIVERSITEIT SE KLEURE EN SPORTDRAG**

**POTCHEFSTROOM SE MODERNE AFDELINGSWINKEL VIR DIE FAMILIE**

**UNIEWINKELS**

**DIE BULT EN KERKSTRAAT 86(B)**
**POTCHEFSTROOM**


Drie Meksikaanse mans betrag die gewerskaf op die campus gedurende die gemaskerde braaivleis. (Foto: Fotokuns).



MET DIE KARNAVAL VERBY IS DIT NET AKADEMIE, AKADEMIE, AKADEMIE!

# KARNAVAL IN BEELD


Puk se hoepelnooientjies lei die vlotoptog deur die strate. (Foto: Fotokuns).


Dorp het sy kritici op hulle neuse laat kyk deur die tweede plek te verower in die vlotkompetisie. Hier is die krokodil besig om 'n terroris te verslind. (Foto: Fotokuns).

'n Groepie Pukke besig om glasies te klink tydens die kaas- en wynparty. Heel regs op die foto is mnr. Koos Kruger, die burgemeester van Tarentaal. (Foto: Fotokuns).



Prof. Preller kyk afwagtend toe terwyl die aanklaer en die regter besig is om oor sy vonnis te beraadslaag. (Foto: Fotokuns).


Studente staan sorgloos tussen die stalletjies rond terwyl sommige na die hofverrigtinge luister. Regs voor op die foto is lede van leërgimnasium se orkes wat 'n uitvoering gelewer het. (Foto: Fotokuns).





NB
NASIONALE BOUVERENIGING
waar Spaarsin beloon word
Kerkstr. 100 Posbus 517
POTCHEFSTROOM

# die WAPAD

VRYDAG 15 MEI 1970


## *Die A.S.B.-week*

**Die beoogde A.S.B.-week is ongetwyfeld die resultaat van die herorganisasie van die plaaslike A.S.B.-komitee aan die begin van die Studenteraadstermyn. Hierdie verblydende gebeurtenis het veral ten doel om die ware karakter van die A.S.B. na vore te bring en die Pukstudente (wat in die eerste en laaste plek tog Afrikaanse studente is) te koördineer en saam te snoer.**

**Blinde vooroordeel en onkunde was tot dusver die grootste aftakelaars van die A.S.B., nie alleen op ander campusse nie maar hier is ook tekens daarvan. Daarom moet die A.S.B. op nasionale sowel as plaaslike vlak so optree dat daar nie 'n klimaat geskep word waardeur die studentekorps uit onkunde afsydig en belangeloos staan teenoor die A.S.B. se taak en doelstellings nie.**

**Die gevaar bestaan dat hierdie houding mettertyd kan oorslaan na antipatie. Hierin lê ook die taak van die plaaslike A.S.B.-komitee — ook na die A.S.B.-week.**

**Die pogings van die komitee sal egter vrugteloos wees as dit nie met reaksie begroet word van die Pukstudente nie en wel in die vorm van daadwerklike en aktiewe belangstelling.**

**Diegene wat wil ontken dat daar in die doelstellings van die A.S.B. (en dus ook in die bestaan van hierdie organisasie) geen sin is nie miksien voorwaar dit wat eie aan homself is.**

## *Nuwe bloed*

**Met die verkiesing van mnre. Tiaan en Coert Coetzee is die Studenteraad weer voltallig. Ons hartlike gelukwensing aan hierdie persone en ons opregte dank aan diegene wie se plekke hulle inneem vir die werk wat hulle gedoen het.**

**Die twee hoofliggame waarop hierdie persone verkies is, het tot dusver in hierdie termyn goed van hulle self rekenskap gegee. A.O.B. se bydrae tot die pasafgelope karnaval was fenomenaal. Dit was die vrug van inisiatief, oorspronklikheid en veral harde werk.**

**Korps Veritas Vincet het nie alleen tot dusver sy trouste ondersteuners nie, maar ook sy skeptici verras met aktuele onderwerpe en ongewone maar prikkelende aanbiedings van sy byeenkomste.**

**Ons is oortuig daarvan dat die toevoeging van die „nuwe bloed" tot hierdie hoofliggame verder sal meehelp tot 'n gesonde, gebalanseerde en kleurvolle studentelewe aan ons universiteit.**

## *Die „ander" standpunt*

**„Daar is te veel gelykgesinde sprekers en te min onderskeidende sprekers wat die student se tradisionele standpunt daag en hom deur konfrontering dwing tot standpuntstelling en motivering van sy standpunt", het 'n geleerde aan ons Universiteit onlangs geskryf. Dit is so dat die Puk-student wat in 'n beskermde atmosfeer studeer en volwassenheid bereik, selde of ooit gekonfronteer word met standpunte wat radikaal van ons lewens- en wêreldbeskouing verskil.**

**Korps en PNB kan gerus hierdie deurdagte stelling in gedagte hou deur ook die „ander standpunt" 'n kans op ons campus te gee. In so 'n geval behoort daar geen gebrek aan belangstelling te wees nie maar sekerlik ook 'n ideale geleentheid vir diskussie en konfrontasie. Dit sal ook by menige student tot kritiese (en miskien ook pynlike) selfondersoek lei.**


DIE

INSLEEP RESTAURANT

WAARHEEN ALMAL SLEEP

Koshuisbestellings: 6039


### Nie-blanke studente

# Erken hulle; en kontak moet selfs gesoek word

Fanie Coetzee

**TEN OPSIGTE van die erkenning van groepe en individue is dit so dat die mistasting van veralgemening nog al te dikwels die deurslag gee. Dit is so dat 'n ieder en elk van ons op een of ander tyd en in die laaste tyd veral gekonfronteer word met skakeling of anders gestel, kontaksituasies waarby nie-blankes betrokke is of kan wees. Die vraag duik dan telkens op wat die houding teenoor sodanige geleenthede moet wees.**

Die uiterste klem op apartheid in sport soos gesien deur die bril van die buitelander het miskien in 'n mate daartoe gelei dat die perspektief teenoor die gehele problematiek vernou is in die sin dat die sport gesien word as die oorwegende aangeleentheid waarby hierdie saak betrokke is. Tog is dit nie die geval nie.

#### Uitsonderingsgevalle

Die algemene houding teenoor kontak met mense van ander volke of bevolkingsgroepe word duidelik weerspieël in die plaaslike beleid van afsonderlike ontwikkeling, naamlik die erkenning van die bestaan en identiteit van elke volk of bevolkingsgroep. Dit is dan ook die volkse wat die klem gedra het en selfs nog steeds verdien.

**Die verdere konsekwensie hiervan mag egter nie uit die oog verloor word nie, nl. dat elke volk of bevolkingsgroep uit individue bestaan wat die draers is van dit wat die groep kenbaar maak as groep.**

In hierdie verband is dit noodsaaklik om ook die nodige mate

## Studente-mening

van erkenning aan hulle as individue te laat toekom ongeag die voorbeeld wat sekere uitsonderingsgevalle mag stel. Omdat A 'n dief is kan nie maar tereg gesê word die volk waartoe A behoort is 'n groep van diewe en moordenaars en daarom wil ek niks met hulle te make hê nie.

#### Skep situasies

**As daar dan gekom word tot die posisie van die student op 'n Afrikaanse Campus moet die vraag gestel word of die student in sy studentwees ook met sulke situasies gekonfronteer word of kan word. Die antwoord is dat nie alleen gewag moet word totdat die situasie opduik nie, maar dat die situasie selfs geskep moet word.**

Die kwalifikasie is alleen dat die geleentheid hom moet leen tot studenteterrein omdat die maatskaplike verdeling ook gekenmerk word deur die bestaan van 'n groep bekend as studente wat hulle uitsluitlik besig hou of behoort te hou met die akademiese wat onmiddellik die gemeenskaplike word vir alle studente, al verskil hulle oor die materiële inhoud wat aangebied word.

'n Houding wat andersvolkige studente erken as sodanig en die geleentheid te baat neem om wedersydse respek af te dwing en te beklemtoon kan alleenlik geroem word.

In die praktyk moet hierdie gesindheid dan ook uiting vind in 'n waardige en gerespekteerde optrede.

#### Wedersydse vertroue

Die motivering van intervolkse

★ Vervolg op bladsy 5

## Uit die Woord

### SIEN IS NIE ALTYD GLO NIE

*Jesus sê vir haar: Vrou, waarom ween jy? Wie soek jy? Sy het gedink dat dit die tuinier was en antwoord hom: Meneer, as u Hom weggedra het, sê vir my waar u Hom neergelê het, en ek sal Hom wegneem. . . . Jesus sê vir haar: Raak my nie aan nie . . . (Joh. 20 : 15, 17).*

*As mense van die twintigste eeu is ons so ingestel dat ons alleen vir die volle waarheid aanvaar wat sintuiglik waarneembaar is. Veral as studente is ons gewoond daaraan om proefondervindelik alles vas te stel en dan eers dit as 'n ware feit te aanvaar.*

*Hierdie houding is egter nie eers in ons eeu merkbaar nie. Maria Magdalena was ook 'n persoon wat eers wou sien voordat sy geglo het. In haar geval kan ons dit in 'n mate verstaan aangesien sy voorheen van duiwels besete was wat toe deur Christus uitgedryf is. Daarna het sy Hom gevolg en was in 'n besondere sin van sy teenwoordigheid afhanklik.*

*So 'n afhanklikheidsgevoel van Christus is sekerlik prysenswaardig en dit word ook van ons verwag. Die kinderlikheid van ons geloof en die Vader—kind-verhouding tot God eis van ons afhanklikheid van die verlossing deur Christus. Dit was dus nie Maria Magdalena se fout nie. Haar fout was dat sy van die liggaamlike teenwoordigheid van Christus afhanklik was en gemeen het dat sy Hom moes vashou om seker van haar verlossing te wees. Daarom was die feit dat sy met alle mag wou sien die struikelblok tot 'n ware geloof.*

*Nou kan dit maklik beweer word dat ons gelukkig nie aan hierdie gevaar blootgestel is nie aangesien ons nie meer die liggaam van Jesus kan sien nie. Dit sal egter 'n valse gerusstelling wees. Ook ons voel dikwels dat die verkondiging van die Woord nie voldoende vir ons geloof is nie. Ons vra soms die vraag: Waarom verskyn God nie meer vandag soos in die tyd van die Ou en Nuwe Testament nie? Ons twyfel ook soms aan die waarheid van die Evangelie omdat ons dit nie sien gebeur het nie.*

*Ons moet dus ook die Woord van Christus ter harte neem om Hom nie na sy liggaamlikheid te wil vashou nie maar die „geestelike" Evangelie van verlossing te glo omdat Hy Hom so aan ons geopenbaar het. Vir ons is dit baie gepas om die woord te onthou: Salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het.*

*S.V.*


## REDAKSIE

| | |
|---|---|
| Hoofredakteur: Dawie Swanepoel | |
| Subredakteur: Johan Preller | tel. 6701 |
| Sosiale redaktrise: Louisa van der Vyver | tel. 2119 |
| Politieke redaktrise: Henriëtte Murphy | tel. 3214 |
| Akademiese redaktrise: Elsabe Smuts | tel. 2039 |
| Sportredakteur: Phillip Otto | tel. 2172 |
| Asst.-Sportredakteur: Dawid van Rooyen | |
| Kunsredaktrise: Retha Coetzee | tel. 2071 |
| Fotoredakteur: Ben v. d. Walt | tel. 7088 |
| Fotograaf: Flip Dwinger | |
| Sekr. Penningmeester: Johan Ligthelm | tel. |
| Spotprenttekenaar: Andre Schutte | tel. |
| Sirkulasiebestuurders: | |
| Francois Kruger | tel. 2030 |
| Louwtjie Naude | tel. 2030 |

Sosiale verslaggewers: Rheta le Roux; Elma Carstens; Maria Scheepers; Elsa Venter; Johan Yssel; Maria van der Walt; William du Toit.
Politieke verslaggewers: Nina Venter; Katrientjie van Rensburg.
Akademiese verslaggewers: Barbera de Klerk; Elize Pienaar.
Sportverslaggewers: Pieter Oosthuizen; Ria de Klerk; Riana Fourie; Elsabe van Wyk.
Kunsverslaggewers: Nicolène Marais; Quinta Kruger; Liesbet Groenewald.

# 'N NADERE BESKOUING VAN DIE A.S.B.

## *Sy funksie en doelstellings*

**DIE A.S.B. HOU oor twee weke 'n A.S.B.-week op die kampus. Oor die funksie, doelstellings en werksaamhede van hierdie organisasie het ons mnr. Leon Wessels, voorsitter van die plaaslike A.S.B.-komitee genader, en 'n aantal vrae aan hom gestel.**

**Vraag: Wat is die oorkoepelende funksie van die A.S.B.?**

Die antwoord kom baie duidelik na vore wanneer 'n mens na die doelstellings van die A.S.B. kyk. Die A.S.B. stel hom nl. onder andere ten doel om Afrikaanse studente aan hoër opvoedkundige inrigtings saam te snoer, en om die gemeenskaplike belange van die studente te behartig en te bevorder.

Dit bring dan mee dat die A.S.B. 'n platform na binne en na buite vorm. Die Afrikaanse student kry sodoende geleentheid om sake rakende interne aangeleenthede te bespreek en op te los, en andersyds om na buite op te tree as 'n verenigde front.

**Vraag: Wat is dan die ander doelstellings van die A.S.B.?**

Dit is ook die doel van die A.S.B. om die Afrikaanse kultuur te bevorder by wyse van handhawing en uitbouing van die Christelike-nasionale lewens- en wêreldbeskouing. Verder word lands- en lewensvraagstukke ook op 'n akademiese wyse bestudeer.

**Vraag: Wie is lede van die A.S.B.? Hoe skakel ons kampus met die hoofbestuur?**

Die grondwet bepaal dat alleen 'n blanke Studenteraad van 'n hoër opvoedkundige inrigting wat die grondwet van die Bond aanvaar of 'n bestuur van 'n blanke studente-organisasie wat die grondwet van die Bond aanvaar aan 'n inrigting waar die Studenteraad nie lid is nie, lede van die A.S.B. kan wees.

Dit beteken dus, dat die Studenteraad namens die studentegemeenskap by die Bond affilieer.

Afgesien van die gebruiklike skakeling deur takbesoeke en korrespondensie, is daar 'n noue skakeling tussen ons kampus, die ander geaffilieerde sentra se kampusse en die Hoofbestuur. Ons Studenteraadsvoorsitter het, uit hoofde van sy amp, sitting op alle Hoofbestuursvergaderings. Op die manier word ons kampus dus direk verteenwoordig en geniet ons direkte seggenskap in die gesagsliggaam van die Bond.

**Vraag: Hoe funksioneer die A.S.B.-komitee op die kampus?**

Daar moet onthou word dat die A.S.B. nie 'n vereniging naas die bestaande hoofliggame is nie, maar wel 'n komitee van die Studenteraad ('n lid van die A.S.B.) en daar moet nie uit die oog verloor word dat die A.S.B. die kultuuraktiwiteite op ons kampus wil kanaliseer en saambind tot nasionale kultuuraksie van die Afrikaanse studente.

Die A.S.B.-komitee tree dus koördinerend op. Dit beteken dus dat al die aktiwiteite van die hoofliggame eintlik A.S.B.-aksies is (omdat die A.S.B. die kultuuraktiwiteite van alle Afrikaanse studente wil koördineer).

**Vraag: Wat word met die A.S.B.-week beoog?**

Die doel is om die A.S.B. meer prominent op die kampus te stel. Hoewel al die aktiwiteite van die hoofliggame eintlik A.S.B.-aksies is, is dit nie altyd bekend nie, en bied die hoofliggame nou die aksies gedurende die week onder die vaandel van die A.S.B. aan.

**Vraag: Kan u meer vertel van die nasionale aksies wat die A.S.B. loods?**

Ja, Kuesta „70" is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Studente van verskillende sentra het aan kunswedstryde, en ander kunskompetisies deelgeneem; daar is ook verskillende praktiese kursusse aangebied.

Daar is ook verskillende studiekomitees, wat op die kongres moet verslag lewer. Die departement algemene studentebelange is op die oomblik besig met 'n ondersoek om aan studente vakansiewerk en mediese voordele ens. te verskaf. Koerantkompetisies tussen geaffilieerde sentra en saamtrekke tussen studente met dieselfde akademiese belangstelling is aan die orde van die dag.

Binnelandse- en Buitelandse toere vorm ook deel van die jaarlikse werksaamhede.

# PROGRAM VIR A.S.B.-WEEK

**DIE HOOFLIGGAME beplan interessante aksies gedurende die A.S.B.-week wat vanaf Dinsdag 26 Mei op die campus plaasvind. Die organiseerders hoop om 'n gebalanseerde program gedurende die week aan te bied en daar word veral klem gelê op deelname deur studente.**

KVV en PNB het 'n aktiewe politikus, 'n predikant en 'n akademikus genooi om slegs riglyne aan te dui oor die aktuele onderwerp: Christelike politiek. Daarna word die studente die geleentheid gebied om eie standpunt te stel en die sprekers met vrae te bestook.

ABKK se planne is nog nie gefinaliseer nie, maar hulle het laat deurskemer dat hulle 'n interessante konsert vir die studente deur die studente gaan aanbied. Kuesta 70 pryswenners gaan onder andere kans kry om hul talent te toon.

A.O.B. gaan sorg vir aksies waaraan alle studente sal deelneem. 'n massa-ete word o.a. beoog.

## Groete van A.S.B.-organiseerder

Mnr. H. J. Rheeder, organiseerder van die A.S.B., het die groete van die Hoofbestuur aan die A.S.B.-komitee van die P.U. oorgedra. Die komitee word ook sterkte toegewens met sy poging en die Hoofbestuur is verheug dat die hoofliggame aksies onder die vaandel van die Hoofbestuur aanbied. Daardeur word die ware aksies van die A.S.B. na vore gebring.

Mnr. Rheeder skryf oor die taak van die A.S.B. as volg: **„Behalwe die feit dat die A.S.B. as platform dien waarop die Afrikaanse studente gesamentlik tot standpunte oor sekere sake van algemene belang kan raak en die feit dat dit as spreekbuis van die Afrikaanse student na buite dien, dit wil sê verteenwoordigend is, is sy belangrikste taak na binne om te koördineer en saam te bind".**

## *A.S.B.-verlede:*

# DIE DAE TOE A.S.B. EN NUSAS 'N SÊ OP P.U.K. GEHAD HET

**Francois Venter**

**DIE AFRIKAANSE STUDENTEBOND waarvan ons tans deel is, is amper twee en twintig jaar oud, maar is nie die eerste A.S.B. wat al bestaan het nie, en ook nie die enigste nasionale kultuurorganisasie van Afrikaanse studente waarvan die P.U. vir C.H.O. al lid was nie. Trouens, die Studenteraad was by geleentheid selfs vir tien jaar lank by N.U.S.A.S. geaffilieer!**

Die voorgeskiedenis van ons A.S.B. gaan so ver terug as 1916, toe Korps Veritas Vincet die „Studente Verteenwoordigende Raad" uitgemaak het. By geleentheid van 'n destydse Korps-vergadering het 'n spreker gesê: „Ons behoefte is om deur middel van 'n Jongeliedebond so alsydig mogelik bekwaam gemaak te word vir die Algemene Lewensroeping, en lewenstryd langs Calvinistiese lyne".

In Maart 1916 was die P.U.K. dan ook 'n stigterslid van die eerste A.S.B.

### AFFILIASIE MET NUSAS

Sedert 1924 was die Studenteraad geaffilieer met NUSAS terwyl die plaaslike A.S.B.-tak terselfdertyd ook onder die Raad se patronaatskap gestaan het! In 1929 egter, blyk dit vir die P.U.K.-afvaardiging na die A.S.B.-kongres dat 'n sterk neiging by sommige ander lede ontstaan het om die Wes-Europese humanistiese wetenskap en kultuur aan te hang en te bevorder. Daarmee is die eerste A.S.B. se geskiedenis beëindig aangesien dit verbrokkel het nadat die P.U.K. hom daaraan onttrek het.

In 1934 disaffilieer die P.U.K. ook van N.U.S.A.S. omdat lg. organisasie se opvatting van „nasionaal" nie gestrook het met wat hier beskou is as nasionaal nie, nl. Afrikaans-nasionaal. Gedurende dieselfde jaar stig die P.U.K., U.K.O.V.S. en U.P. 'n tweede Afrikaans-nasionale studenteorganisasie, nl. die Afrikaanse Nasionale Studentebond (A.N.S.).

### A.S.B. EN A.N.S.

Gedurende die oorlogsjare gaan die A.N.S. gebuk onder politieke tweespalt in eie geledere, en sommige studente bedank daaruit, ook 'n klompie Pukke. In 1945 ontstaan nuwe A.S.B.-liggame op die P.U.K.-, Bloemfonteinse en Pretoriasie campusse naas die A.N.S. Hier op Potchefstroom word die A.S.B. en A.N.S. egter versoen en dit gee aanleiding tot die stigting van die Potchefstroomse Afrikaanse Nasionale Studenteorganisasie (P.A.N.S.O.).

Maar nou doen die ongewenste verskynsel hom voor dat daar geen studenteorganisasie wat alle Afrikaanse studente verteenwoordig, bestaan nie. N.U.S.A.S., egter, matig hom verteenwoordiging van alle Suid-Afrikaanse studente aan ('n vergryp wat vandag nog by hierdie aweregse organisasie gangbaar is). Daardeur word slegs meer olie op die vuur van die Afrikanerstudente gegooi, en in 1948 word die huidige A.S.B. te Bloemfontein gestig om kultuurverteenwoordigend van alle Afrikanerstudente op Christelik-nasionale grondslag op te tree. P.A.N.S.O. word dan 'n tak van die A.S.B.

### SENTRALE ROL

Gedurende die twee en twintigjarige bestaan van die huidige A.S.B. het die studente van die P.U. vir C.H.O. 'n sentrale rol daarin gespeel en het onder meer 'n hele aantal presidente opgelewer, waarvan die mees onlangs mnr. (tans ds.) Ben de Klerk in die termyn 1967/68.

Die A.S.B. was tot en met 1966 op ons campus 'n hoofliggaam naas die A.B.K.K., Korps en die S.S.B., maar is sedertdien vervang met 'n komitee van die Studenteraad. Die huidige situasie is beter in ooreenstemming met die aard van die A.S.B., nl. 'n oorkoepelende kultuurorganisasie wat alle kultuurbedrywighede op alle geaffilieerde campusse op nasionale vlak wil koördineer en bevorder. ('n Uitmuntende voorbeeld van hierdie funksie is die onlangs gehoue „Kuesta 70").

## S.R.-tussenverkiesing

MNRE. Tiaan Coetzee en Coert Coetzee is onderskeidelik as verteenwoordigers van AOB en KVV op die afgelope SR-tussenverkiesing verkies.

Na Die Wapad verneem, het die studente oor die algemeen druk gestem. Die stempersentasie kan egter nie bereken word nie omdat stemgeregtigdes van verlede jaar ook stemreg gehad het.

## Intervarsity later

DIE intervarsity tussen PUK en UOVS is vanaf 15 Aug. na 22 Aug. verskuif. Die verskuiwing is genoodsaak weens bepalings van die Wes-Transvaalse en Vrystaatse Rugby-unies. Die intervarsity vind vanjaar in Bloemfontein plaas.

★ Vervolg van bladsy 4

en inter-individuele omgang lê dikwels in die bereiking van 'n gesindheid eerder as wat dit lei tot omlynde materiële voordele vir die een of die ander. Is dit nie dalk wat ons meer nodig het as die ekonomiese arbeidsvoordeel wat verkry kan word nie? Gaan dit nie dalk eerder om wedersydse vertroue wat enige ooreenkoms van groter krag kan maak as enige ander waarborg daarby aangeheg nie?

Hierdie genoemde vertroue kan alleenlik verkry word deur opregte eerlikheid in bedoeling tesame met geregtigheid teenoor alle partye. Om draaie te loop en te motiveer met „onder omstandighede laat ons program dit nie toe nie" is 'n baie swak verskoning om die verantwoordelikheid mee opsy te skuif.

Sekere opmerkings bly van krag soos doen aan 'n ander soos jy verwag dat hulle aan jou sal doen. Dan word jou daad eerste verwag en die beloning daarop is nie 'n vereiste nie.

KOLLEGE DIENSSENTRUM
Studente ! !
Julle ken almal
Oom Chris Coetzee

A. VORSTER APTEEK
Octron-gebou
Lombardstraat
VIR VINNIGE AFLEWERING
SKAKEL 7074

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
GEBAK DEUR
Turkstra BAKKERY
ook te kry by u kafeteria

## *Uit die* POSSAK

# *Hare was en akademie hou dames weg van sport*

Geagte redakteur,

Graag sal ek wil weet wat die damestudente van die PUK op Maandag- en Woensdagmiddae, die sportmiddae doen? Soos u weet het die Universiteitsowerhede dit goed geag om hierdie twee middae van die week te kortwiek in soverre dit lesings en praktika aanbetref ten einde die studente die kans te gee om die liggaam en gees van die akademie af weg te kry deur die beoefening van sport, wat uiters noodsaaklik is in hierdie era waarin ons leef.

### TWEE BENE

Maar, helaas, weinig van die dames stel hierin belang — dit weet ons mense wat opgesaal sit met die las om sportafrigting te gee. Ja, dit wat 'n plesier behoort te wees het 'n las geword! Daar is net nie genoeg dames wat by die oefeninge opdaag nie — alle denkbare flou verskonings van hare was tot die akademie wat druk (in baie gevalle blyk hierdie akademie twee bene te hê) word aangehaal en dit wanneer die tyd en geleenthede spesiaal vir hulle geskep is.

**Hulle besef nie ten volle die opofferinge en tegemoetkomendheid vanaf die owerhede nie, andersins waardeer hulle dit nie, maar die feit bly staan dat weinig daarvan gebruik maak. Geen wonder dat die koerante beweer dat die dames van PUK so onfiks is nie.**

### AKADEMIESE WRAKKE

Wat moet 'n mens maak om hulle te laat besef dat die beoefening van sport noodsaaklik is vir die vorming van die liggaam en gees? Moet hul nie verplig word van owerheidsweë om minstens aan een sportsoort deel te neem nie?

Ongelukkig leef die meeste van die damestudente blykbaar in so 'n klein wêreldjie van hulle eie, met 'n enge paadjie voor hulle wat uitloop op akademiese wrakke.

**Hulle kyk nie bietjie rond om hulle heen om die lewe ten volle te geniet nie, maar laat dit wat, in samehang met die akademie, die toekoms vorm, die karaktertrekke gee, wat die algemene en mensekennis verbeter en die gees verryk, links lê!**

### PUNTE AFGEE

Verder is daar uit 'n bykans 1,500 damestudente slegs 'n skamele 60 dames wat aktief aan korfbal, netbal en hokkie deelneem en soveel dat daar nie twee volledige spanne korfbalspeelsters is nie — 'n korfbalspan bestaan uit 9 speelsters, vir dié wat nie weet nie!

Wie kan my dan verwalik as ek moedeloos word wanneer punte van ligawedstryde afgegee moet word, omrede daar nie genoeg speelsters opdaag om die wedstryde te speel nie.

Ek vra maar net.

N. DE WET

# Samewerking van massa geloof deur Karnavalvoorsitter

Geagte Redakteur,

Met die Karnaval reeds iets van die verlede wil ek tog namens die Sentrale Karnavalkomitee enkele bedankings uitspreek.

In die eerste plek wil ons alle Pukke bedank wat op so 'n uitnemende wyse aan die Karnaval deelgeneem het. Die Sentrale karnavalkomitee kan slegs dit waaraan u moet deelneem daarstel, maar sonder u deelname kan geen Karnaval 'n sukses wees nie.

Verder gaan ons dank uit aan alle studente wat op een of ander wyse nou verbonde was aan die reëlings van Karnaval '70. Dit is 'n onbegonne taak om elkeen afsonderlik te bedank. Daarom wil die Sentrale karnavalkomitee deur middel van hierdie skrywe u van harte bedank, ook vir u moeite en ywer.

### KARNAVAL 71

In die derde plek wil ons graag alle inwoners van Karlien, Heide, Over de Voor en Dawie Dup bedank vir hulle bereidwilligheid om die Sentrale eetsaal aan ons af te staan vir die hou van die konserte en die kaas-en-wyn party. Ons bedank verder alle straatkollektante, alle bouers aan sierwaens en karikatuurvoorstellings.

Met 'n samewerkende studentegemeenskap soos u kan Karnaval 71 geen mislukking wees nie.

Kobus van der Walt.

# VEREISTES VIR KLEURBAADJIES IS NIE STRAWWER

Geagte Redakteur,

Langs hierdie weg wil ek net graag 'n vriendelike versoek tot u rig om 'n klein regstelling te maak ten opsigte van die berig in Die Wapad van 1 Mei 1970 onder die opskrif „Nuwe Vereistes vir kleurbaadjies" verskyn het.

Die betrokke berig wek die indruk dat dit vir die eerste keer in die geskiedenis van studente vereis gaan word om 'n kleurpunt op te bou alvorens hulle P.U.-kleure kan verwerf.

Graag wil ek net van die geleentheid gebruik maak om u daarop te wys dat die kleurpunt-vereiste saam met die ander twee basiese vereistes van 'n eerste akademiese jaar geslaag het en die slaag van die Studente handboekeksamen na die beste van my wete net so oud is as wat die P.U.-kleurbaadjie self is.

Die indruk wat dus gewek word dat die Studenteraad steeds strawwer vereistes daarstel vir die toekenning van kleure, is dus nie korrek nie. Trouens, vanjaar se kleurpunt-vereiste is ietwat ligter as verlede jaar s'n en heelwat ligter as drie of vier jaar gelede s'n.

Hartlik dank by voorbaat.

Johan Schutte.

**(Dit spyt ons vir die fout wat ingesluip het en dat ons die prentjie so donker geskilder het vir aspirant kleurbaadjie-eienaars — Red.)**

# STUDENTERAADSVOORSITTER AAN DIE WOORD

Die Studenteraad is tans besig om die moontlikheid van 'n Sentraal-Akademiese Bestuur, waartoe alle akademiese verenigings behoort, te ondersoek. Hierdie stap volg op 'n behoefte wat by studente bestaan om „akademiese verteenwoordiging" deur middel van hul akademiese vakverenigings op die Studenteraad te verkry.

Daar is baie ten gunste van só 'n Akademiese Bestuur te sê. Nie alleen gaan die verlangde Akademiese verteenwoordiging daardeur bereik word nie, maar die samesnoering en koördinasie van akademiese verenigings kan alleen die steun vanuit dáárdie rigting versterk en tot voordeel van die Universiteit in sy geheel sowel as die studente van die onderskeie vakrigtings in die besonder sterk.

Só 'n koördinering sal egter nie prysgee van „onafhanklikheid" van 'n vereniging tot gevolg hê nie — inteendeel, verenigings sal hul selfstandigheid soos in die verlede behou.

Daarbenewens kom nog die finansiële voordele wat aan verenigings gaan toekom sonder dat enige finansiële verpligtinge van hulle kant ten opsigte van die Bestuur sal ontstaan.

Ek hoop dat hierdie poging die steun van die onderskeie verenigings en hul lede gaan geniet, te meer omdat die poging gemotiveer word deur die voordeel wat aan die verenigings en hul lede gaan toekom.

### KARNAVAL

Die afgelope karnaval kan met reg bestempel word as die suksesvolste tot dusver. Die karnaval dra reeds die stempel van die lewenstyl van ons studente, 'n lewenstyl wat weer deur die afgelope karnaval bestendig is.

Daarbenewens is die karnaval ook gekenmerk deur 'n besondere mate van oorspronklikheid wat deur die Karnavalkomitee sowel as die koshuisgroepe en individuele studente aan die dag gelê is.

Almal wat 'n bydrae hiertoe gelewer het, verdien 'n hartlike woord van gelukwensing. Die afloop van die karnaval het met oortuiging aangetoon dat ons studente nog die kuns ken om waarlik student te wees. Dít het duidelik geblyk uit die ganse optrede van die massa.

Gelukkig dat 'n individuele vals noot hier en daar hom sekerlik nie tuishoort in 'n massa soos ons s'n nie.

Johan Kruger.

# TROFEE VIR SORGDRAGER

**OP DIE Mei-vergadering van die Mooiriver Posseëlklub is bekend gemaak dat prof. A. Sorgdrager die gesogte Vekatrofee gewen het met 'n versameling Ierse seëls.**

Die Veka-trofee word jaarliks beskikbaar gestel aan die beste versameling met Afrikaanse byskrifte. Die mededinging is landswyd.

Die Mooirivierse Posseëlklub het die trofee die afgelope vier jaar nou drie keer gewen. By die ander twee geleenthede was dr. Van der Merwe van Viljoenskroon, voorsitter van die klub, die wenner met versamelings van Duitsland en Nederland. Prof. Sorgdrager en dr. Van der Merwe het ook al verskeie toekennings op landswye tentoonstellings gewen.

Mnr. C. Gibson het op die Meivergadering sy Australiese seëls gewys en baie belangstelling gaande gemaak. Hy het o.a. 'n uitsonderlike „seël" ter ere van Dirk Hartog se landing in Queenstown in die sewentiende eeu. Eintlik is dit 'n groot gekleurde prent wat onderverdeel is in 'n aantal seëls! Op die een seël vind 'n mens dus die helfte van 'n mens of skip en op die volgende seël die ander deel. Versamelaars moet dus die hele ry seëls in ongebruikte of gebruikte vorm besit. Verskeie sulke seëls is al deur lande agter die Ystergordyn uitgereik, veral op die gebied van ruimtevaartuie. Die groot katalogusse, soos die van Yvert en Gibbons, is geneig om die seëls in hulle katalogusse te ignoreer omdat dit darem te blatante geldmakery is. Ook die Internasionale Posseëlunie frons oor die soort uitreiking.

Junior lid Gawie van der Walt was teenwoordig met 'n hele aantal boekies vol seëls waaruit lede kon koop. Gawie se adres is Rissikstraat 43, tel. 4957, en belangstellendes is by hom baie welkom.

Vergaderings vind elke eerste Woensdagaand om 8 nm. in die dorpsbiblioteek plaas en die volgende vergadering is op 3 Junie.


U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING

Nou OOK

'n wye keuse vir

★ PLATE

by

**PRO REGE-PERS BEPERK**

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.

Vir al u

★ APTEKERS- en

★ FOTOGRAFIESE

★ BENODIGDHEDE

Besoek:

**APTEKERS J. P. VAN DER WALT**

(EDMS.) BPK.

Kerkstraat 118

POTCHEFSTROOM

Telefoon 3237

*Die joernalistiek bied van die boeiendste loopbane dekbaar.*

In die redaksie van die Bloemfonteinse middagblad van Nasionale Pers

**DIE VOLKSBLAD**

is daar vakatures vir gegradueerdes.

Die dagblad bied uitstekende vooruitsigte vir mense met aanleg en werkywer — goeie salarisse, voorsorgfondse, polisse en jaarlikse bonus, met salarisverhogings op verdienste.

Studente kan nou aansoek doen vir aanstellings ná die verkryging van die graad of voltooiing van nagraadse studie aan die einde van die jaar.

Voornemende of huidige studente kan ook aansoek doen om beurse van R400 per jaar vir die voltooiing van hul graadkursus met die oog op indienstreding by Die Volksblad.

werkywer — goeie salarisse, voorsorgfondse, polisse en jaarlikse

'n Senior redaksielid sal u inrigting eersdaags besoek vir onderhoude met applikante. Doen onmiddellik aansoek by of rig navrae aan:

Die Redakteur, DIE VOLKSBLAD, Posbus 267, Tel. 7-3351. BLOEMFONTEIN.

## DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

Soos die seisoenverandering nou sy kringloop voltooi het, het die karnavalstemming plek gemaak vir 'n heel ander stemming, die oorsaak waarvan nie ver gesoek hoef te word nie. Te midde van hierdie tempor̂ere morele verwarring wil ek my retoriese eenling skriftelik baar.

Afgesien daarvan dat die vlotte se afwerking oor die algemeen nie op dieselfde standaard was as verlede jaar nie, en die bona fide reaksionêre poging tot verdoeselde ekshibisionisme, wat gelukkig die indruk van satire geskep het, deur die groepie dames in pienk, was die karnaval in alle opsigte merkbaar beter as verlede jaar en getuig dit van gesonde ondernemingsgees en inisiatief. Hiermee 'n welverdiende ruiker aan die S.K.K.

Met die geledere weer voltallig kan ons stoettrop van sewentien weer die drukgang volstoot: getrou op die pad.

Watter opwinding moet so 'n tussenverkiesing nie vir 'n ou bok inhou nie! Te oordeel aan die fronsende teedrinkende kiesbeampte wat met skerp oë enige potensiële onreëlmatigheid dadelik in die kiem gesmoor het, was die verkiesing 'n las wat selfs Atlas nie sou kon dra nie.

Miskien, as gevolg van die verskillende gevoelsnuanses wat hul moontlik kan leen tot die verkeerde interpretasie, moet ek verduidelik wat die woord *eerbiedwaardig* inhou. Met 'n heimlike glimlag merk ek hoe meer as een persoon dié woord versigtig omseil in 'n gesprek — miskien in die vrees dat hy as Wapadrubriekskrywer geïdentifiseer mag word? Daar kleef geen sarkasme aan hierdie woord nie, menere, moontlik wel 'n mate van ironie; trek maar die skoen wat pas **aan**.

Eienaardige verskynsel dié dat die meerderheid van die eerbiedwaardige menere van die Studenteraad motors bestuur met twee uitlaatpype . . .

U KANS!

DIE WAPAD
**bied u
hope kanse om
in die studentelewe
te *dien* én u *uit*
*te leef.***

●

**Aansoeke om in die redaksie opgeneem te word kan gerig word aan**

**Die Hoofredakteur,
P/a Studenteraad.**

**SOMER- EN WINTERMATERIALE**

van die beste gehalte
Spesiale afslag aan studente

**BAILLIE PARK NAALDWERKSENTRUM**
Holtzhausenstr. Bailliepark Tel. 8321

**PARADISE RESTAURANT**

- Dié kafee op die Bult met lugverkoeling
- dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
- EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

●

Tomstraat 86 Tel. 5474

## Studente tevrede met toetstyd

Ons verkeer op die oomblik in die middel van die twee toetsweke van die fakulteit lettere en wysbegeerte. Oor die algemeen is die studente baie tevrede met die toedrag van sake. Hier en daar is selfs 'n paar wat sommer in die helfte van die kwartaal 'n stukkie vakansie afknyp.

Sommige word egter in die wiele gery deur ander dinge soos bv. die fakulteit regte, ekonomie en natuurwetenskappe. Hierdie klasse moet steeds gedraf word ondanks die feit dat die student ander B.A.-vakke mag hê.

Die B.Sc.-studente beny hul B.A.-broers die twee weke. Na verneem word is die B.Sc.-leerplanne te omvangryk om nog twee weke geen klas te hê nie.

Hierdie ongure, koue, toetsatmosfeer sal heers tot die einde van volgende week.

## KURSUS OM TE KOMMUNIKEER

R.A.U. GAAN aan die begin van volgende jaar 'n kommunikasiekursus binne die raamwerk van die B.A.- en B.Comm.-leerplanne instel.

In beide gevalle sal die leerplan saamgestel wees uit 'n drie jaar hoofvak oor die teorie van die kommunikasie.

Die nuwe vak behels 'n studie van die basiese beginsels van alle kommunikasie eienskappe en 'n spesiale studie van die belangrikste kommunikasie media soos die pers, radio, rolprente en televisie.

Geniet

WILLARDS-
SKYFIES

Asook

**KAASKRULLE,
FLINGS,
SPRINGMIELIES,
en
GRONDBONE**

**GEE 'N MAN 'N LUCKY!**




VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË

# Ruikers, rose en 'n afskeep-blommetjie vir konserte

**DIT IS GELUKKIG dat die Karnavalkonserte nie in die winter gehou word nie. Die vrolikste klanke gedurende die aand sou nie kon vergoed vir koue kos daarbuite nie.**

Terwyl dit deesdae mode is om die wenner met 'n blom te bekroon, steek ek graag 'n blommetjie aan vir die organiseerders van die Karnavalkonserte. Vrolikheid, uitbundigheid en jeugdigheid was die kenmerk van hierdie konserte. Die kunstenaars was almal jonk en dié wat al bles begin raak, het daarvoor dubbel en dwars vergoed deur hul jonkheid van gees.

'n Rooi roos vir die aanskoue van die eetsaal. Dit was ons vanjaar ten minste gespaar om die kunstenaars langs die verhoog of buite op die stoep te sien rondstaan. Daarby het die Diskoteekkomitee se musiek en die vrolike verhoog die brakkolle tussen die items baie korter laat voel.

SJARMANT EN BLINKGLAD

Vir Doris Brasch en Bob Borowsky gooi ek toe onder blou viooltjies. Sjarmant en blinkglad was die keuse van hul liedere en die aanbieding daarvan. Hoewel daar ou bekendes soos Wunderbar was (sou hulle nie nuwe liedjies kan vind wat net so mooi is nie?) was die Papagena-Papageno duet uit die Towerfluit en die Kinderliedjies 'n aangename verandering van die romantiese spyse. Met so 'n beweeglike stem soos Doris Brasch s'n, kon sy nie anders as om uitmuntend te slaag in die vertolking van die kinderliedjies nie.

'n Wit orgidee sal die eenvoudige statigheid van die a capellasang van die Ambassadeurskoor mooi beklemtoon. Hulle program het 'n groot verskeidenheid liedere ingesluit waarvan elkeen tog goed gepas het by die aard en klank van die koor. Die solis by „Bayeza" moes darem bietjie vorentoe gestaan het vir mieliepap en bier, so oortuigend was sy intonasie.

HANDVOL ANGELIERE

Rina en Andriette kry elkeen 'n wit angelier — twee bekende stemme in 'n amper-nuwe klank — „People" is darem al ver gevorder van „Dorstyd". Vir Johan van Rensburg gee ek handevol rooi angeliere. Nog 'n nuwe komposisie van hom is gesing. Daarby het hy alreeds met die Alabamakoor so 'n mate van afgerondheid bereik dat hulle kon optree.

Dit klink of Revue 70 weer die uitbundige toon van 1969 eerder as die romantiese geaardheid van 1968 gaan hê. Die bekende Afrikaanse Keurspel maak weer sy verskyning (weet die koor en orkes al waar herhaal word en waar nie?). Aan Johan se baadjie steek ek graag 'n vergeet-my-nietjie spesiaal vir die wonderlike manier waarop hy met die mense wat hy afrig, werk. Agting en liefde vir hom straal uit die toegewydheid van alle Alabamalede.

Groep Twee sal met 'n afskeepblommetjie tevrede moet wees, want verbeel ek my of het hulle sprankel so effens verlore gegaan? As gevolg van 'n tegniese fout was dit aanvanklik moeilik om te hoor of daar gesing word. Nogtans was die keuse van die liedjies goed (ook maar baie oubekendes en min nuwe bloed) en harmonieer die stemme baie goed.

AL DEBBO

Vir Al Debbo en sy musikante versamel ek al die blomme wat gewoonlik nie baie aftrek kry nie. Hy het 'n bietjie aardse humor in ons effens blasé-geworde Potchefstroomse- en Puk-mentaliteit gebring. Geleerdheid en status weerhou ons mos daarvan om lekker in die openbaar vir 'n simpel grap te lag waarvoor ons tog graag sou wou lag.

'n Bloeiseltakkie vir die studente-dametjies wat nie hul blinkste „twinkles and glitters" vir die geleentheid uitgepak het nie. Dis mos darem nie eintlik die Aula nie, dames...

R.C.



Oosterhof se sêrgroep tydens 'n karnavalkonsert. Lees wat sê ons resensent van die konserte. (Foto: Fotokuns).

# MIN STUDENTE WEET WAT IS GOEIE SÊRMANIERE

**STUDENTEWÊRELD is 'n vreemde wêreld: koshuislewe is vreemd, die akademie lyk oorweldigend en slaap is kosbaar, as jy 'n eerstejaar is. Een nag hoor jy die soetste geluide — hemelkore? Soos een man storm jy en jou makkers daarop af, newwermaaind die koshuismure, om tot jou verbasing te sien die ouhere waardeer die dames se sêr net met die flikker van ligte. Maak mens dan so?**

Om student te wees is om te swot, te lag, gek te skeer, swaar te kry, te gaan sêr en na 'n sêr te luister en om te weet hoe om dan te maak of nié te maak nie!

Jy slaap... nog nie vas nie, want dis Vrydagaand en jy het laataand gevat. Die drome tussen wakker en slaap is soet. Jou vrede word versteur deur 'n kitaarakkoord en 'n stem singende in die nag. Iemand sêr. „Nou wie is nou so laf om in hierdie koue buite te wil rondloop? Dit klink wel nie sleg nie maar nou moet ek opstaan om die lig te gaan flikker. Neewat, ek draai om en lê lekker en luister, die ander sal mos flikker". En buite sing die arme man vir 'n donker koshuis.

**Akademie eerste**

Jy swot... al effens aan die slaap want dis die vroeë oggendure en die akademie druk. 'n Geskuifel van voete, 'n onderdrukte gegiggel, 'n wankelende begin maar dan uit volle bors. Asters sêr. „Dis nou ook net 'n klomp vroumense wat net voor die toetsweek mens se swottings kom versteur met dié lawaai".

Vererg word die gordyne dig gepluk en daar word weer diep oor die wiskunde gebuig. Die klanke word dowwer want die sangers loop maar aan. Die mans slaap seker met hul ligte aan, want die ligte brand, maar niemand flikker nie.

Jy sit en bespreek „landsake" by die bure, dis darem lekker op die Puk! 'n Oproer bars buite los. Op pad terug koshuis toe hef 'n klomp mans „Ingram" aan. Sêr hulle? „Dis sowaar weer 'n spul dronk ouens, wat dink hulle sêr. Kom ons vertel hulle bietjie, somaar hier van die balkon af, presies wat ons van mense dink wat hulle nie kan gedra nie..."

**Krullers in drome**

Dis nie die oordeelsdag nie, die geskal van trompette wat jou soete slaap onderbreek het, is 'n serenade ter wille van jou. Haai! die ouens staan in die vierkant en speel. Om goed te kan sien probeer jy en jou kammie om saam op 'n wasbak te kom. Onder al die harde klanke sal niemand jul gelag en gekreun hoor nie. Toe die eerste liedjie klaar is trek julle met luide applous los. 'n Verbaasde stilte heers. Heimat is tog die enigste koshuis wat hande klap, is hierdie dan nie 'n dameskoshuis nie?

Dis darem lekker as mens se kêrel kan sing en hy is nie skaam om dit onder jou venster te doen nie. Met nagklere, krullers in jou hare en 'n blink gesig spring jy pens en pootjies op die vensterbank. Hiervandaan kan jy in die helder maanlig jou geliefde duidelik sien en geen noot van sy liefdessang mis nie. Ontnugter en van alle illusies berowe keer die man terug na sy koshuis om in sy drome met krullers te worstel.

**Verkeerde dag**

Ook gesteek deur die gogga krap jy jou kitaar uit en somaar op die daad oefen jy 'n paar liedjies. Op 'n Saterdagaand het mens mos nie eintlik iets anders te doen as jy nie sleep nie. Na twaalf, toe almal in die koshuis is, gaan hef jy jou naggesang aan, maar die reaksie is nie eintlik goed nie. Die rede? Het jy dalk vergeet dis eintlik Sondagoggend, man?

Die groepie asters staan voor Gatland, maar tot sing kan hulle nie kom nie. Die oningewydes is stom geslaan en wil net begin lag, want, o genade, die mans kom dan op die balkon staan en luister. Dan keer hulle koshuiswaarts want hulle het vergeet daar is nog so 'n koshuis soos Hombré op die campus...

En ai, Haak en Steek, Makouvlei en Liberalia, moet julle amptelik in kennis gestel word van 'n sêr of moet die ganse dorp se brakke eers óp julle wees voor daar reaksie van julle kant kom met 'n sêr?

Over de Voor se manne het ook van hulle laat hoor. (Foto: Fotokuns).



DIT IS DIE SNIT WAT TEL...



* Alba broeke
* Alba pakke
* Monatic hemde
* Battersby hoede
* Gregory sokkies

TOD SUTTIE'S

Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars

Posbus 219 — Kerkstraat 177 Tel. 3411

POTCHEFSTROOM

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5038



Die winkel waar die kieskeurige dames koop.



Al's is beter met groot, groot Coke

BESPAAR! MET GROOT KING SIZE!

Gebottel onder magtiging van The Coca-Cola Company deur:

SUNCRUSH

## SÓ VAAR DIE PUKKE

Eerstes: P.U. 9; Sasolburg 3.
Tweedes: P.U. 30; Sasolburg 8.
Derdes: P.U. 12; Sasolburg 8.
Vierdes: P.U. 20; Sasolburg 0.
Onder/20: P.U. A 51; Strathvaal 6.
P.U. B 15; Sasolburg 9.

### KOSHUISLIGA

| Puntestand | W | W | V | G | P |
|---|---|---|---|---|---|
| Hombre | 2 | 2 | 0 | 0 | 4 |
| Dawie Dup | 2 | 2 | 0 | 0 | 4 |
| Kompleks | 3 | 1 | 1 | 1 | 3 |
| Drakenstein | 3 | 1 | 2 | 0 | 2 |
| Dorp | 2 | 0 | 1 | 1 | 0 |
| Over de Voor | 2 | 0 | 2 | 0 | 0 |

### B.-LIGA

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Dawie Dup | 2 | 2 | 0 | 0 | 4 |
| Dorp | 2 | 2 | 0 | 0 | 4 |
| Over de Voor | 2 | 1 | 1 | 0 | 2 |
| Drakenstein | 3 | 1 | 2 | 0 | 2 |
| Kompleks | 3 | 1 | 2 | 0 | 2 |
| Hombre | 2 | 0 | 2 | 0 | 0 |

### C.-LIGA

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Over de Voor | 2 | 1 | 0 | 1 | 3 |
| Drakenstein (2) | 1 | 0 | 0 | 1 | 1 |
| Drakenstein (1) | 1 | 0 | 1 | 0 | 0 |

Manshokkie:
Viljoenskroon 5; P.U. 0.
Dameshokkie:
Eerstes: P.U. 0; Strathvaal 3.
Tweedes: P.U. 9; Strathvaal 0.
Korfbal:
Eerstes: P.U. 38; Potch. Dorp 15.
Tweedes: P.U. 7; Potch. Dorp 40.
Sokker:
P.U. 2; Western Reefs 2.

# PUKKE SUKKEL TEEN SASOL WEENS SWAK AGTERSPEL

**A NEE A PUK, was dit rêrig so moeilik om met Sasolburg af te reken? 'n Span wat so baie van die bal te sien kry, behoort baie verder as 9—3 te wen. Dit is kortliks die verhaal van die oorwinning teen Sasolburg. Puik voorspel is nutteloos gemaak deur onbeholpenheid in die agterlyn.**

Mens moet egter toegee dat Sasolburg nie bereid was om rugby te speel nie. Die Pukdriekwarte is hoegenaamd geen beweegruimte gelaat nie en telkens met bal en al onder stof geloop. Veral Charles Venter, in sy eerste wedstryd vir die eerste span, het dikwels na sy ouma terug verlang.

In sulke omstandighede speel mens egter tienmanrugby en die Puk is juis baie goed daartoe in staat. Manne soos Piet Brandt en Dawid van Aswegen het lus gelyk om met die bal te dryf.

Henk Coetzee en Piet Roodt het egter anders besluit. Instede van om terug te speel in hulle voorspelers, is doelloos skoppies gelos in die hande van die heelagter. Dikwels is die senters verkoop in 'n sinnelose poging om met die bal te hardloop.

Gevolglik was dit 'n toiingrige wedstryd. Die enigste opwinding het nie gekom in die vorm van goeie rugby nie, maar van stukkies ruwe spel aan albei kante.

**Dawid terug**

Die verblydendste aspek van die wedstryd is seker die terugkeer van Dawid van Aswegen. Na 'n lang en ongelukkige afwesigheid was Dawid aanvanklik stil, maar het spoedig weer uitgeblink in die lynstane en vaste los. Saam met Piet Brandt het hulle mettertyd die lynstane heeltemal oorheers.

In die vaste los begin die manne al hoe meer saamspeel. Hulle afrigter, mnr. Andrew Bird, is 'n losskrumspesialis en as hy op hierdie trant voortgaan, gaan die Puk nog 'n hele paar bulpakke kisspeel. Sasolburg se voorstes was juis heelwat swaarder as die studente.

## Aankondiging

HIERDIE lang kolomme uitslae sal voortaan gereeld in Die Wapad verskyn. Daarmee hoop die sportredaksie om 'n hele boel lompe berigte uit te skakel, maar tog nog 'n volledige beeld van die Puk se sportaktiwiteite te gee.

Hierdie lyste is egter nog nie volledig nie. Dit sal waardeer word indien klubbesture ons op hoogte van sake kan hou.

Vanaf aanstaande week sal daar ook twee gereelde rubrieke verskyn. In die een word u voorgestel aan die sportsterre van die Puk en diegene wat agter die skerms met sport doenig is, terwyl die ander 'n geselsrubriek sal wees. 'n Rubriek waarin nie net afbrekend gekritiseer sal word nie, maar algemene gedagtes gewissel sal word oor sport. Lesers is net so welkom om mee te doen.

## KOSHUISLIGA

# BUL TEEN BUL

**MOREOGGEND is die duiwel los. Vir die eerste keer in drie weke word daar weer wedstryde in die koshuisliga beslis en môreaand gaan daar nog net een onoorwonne span wees.**

Hombre en Dawie Dup, wat albei nog onoorwonne is, kom op die C.-veld teen mekaar te staan. Hombre het tot dusver met Dorp en Kompleks afgereken, terwyl Dawie Dup te sterk vir Over de Voor en Drakenstein was.

Dawie Dup se swaar pak voorspelers en netjiese skakelpaar, behoort die rooitruie van duskant die spoor, opdraande te gee. Met genoeg balle kan De Kock se breekslae en Wiid se taktiese skoppies deurslaggewend wees.

Hulle sal egter moet keer dat die rooispan nie aan die hardloop raak nie. Teen Kompleks het Hombre bitter min van die bal gesien, maar tog vier keer agter die doellyn gaan kuier.

In die ander wedstryd speel Kompleks en Dorp vir die tweede keer teen mekaar. In hulle vorige botsing was die uitslag gelykop met drie punte elk. Nie een van die spanne kon 'n drie aanteken nie.

Môre is albei egter vasbeslote om die bordjies te verhang en dit gaan harde rugby tot gevolg hê. Albei spanne se agterlyne is nie waffers nie en die stryd gaan dus voorlangs beslis word.

# SIFTINGSPROSES NOG STEEDS NIE VERBY

**WAT MAAK mens met spelers soos Henk Coetzee en Piet Roodt. Hulle gaan dalk eersdaags nie meer die Puk se skakelpaar wees nie, maar is nogtans te waardevol om op die agtergrond te skuif. Dit is maar een van die talle probleme waarmee die Pukkeurders opgeskeep sit, as dit by die samestelling van die agterlyn kom.**

Daar is die groot brakkol onder die senters, goeie heelagters is skaars en die skakelpaar vertoon maar wisselvallig.

Vir laasgenoemde probleem is daar egter 'n oplossing. Die twee nuwelinge, Jannie Barnard en Schalk van der Merwe, het albei van hulle beserings herstel en speel tans puik rugby. Hierdie twee manne blaas sommer nuwe lewe in die agterlyn.

Piet Roodt kon nog nooit die Pukagterlyn vinnig wegkry nie. Hy is egter 'n geharde speler en die bestendigheid vanself. Sy dekwerk is ook puik en het ons al uit verskeie benarde posisies gered. Al hierdie eienskappe behoort hom dus 'n goeie heelagter te maak, want goeie heelagters is juis so skaars soos hoendertande. Die enigste speler met belofte, Johan Kriek, sukkel met beserings.

Bertie Fourie, met sy muilskop, speel tans vir die eerstespan, maar sy verdediging is verdag. Hy is vanjaar nog nooit werklik op die proef gestel nie, maar dis duidelik dat hy nie baie lief is om onder druk te speel nie.

**Senterprobleem**

Henk Coetzee is op sy beurt dalk die oplossing vir die senterprobleem. In die middelveld is daar tans 'n gebrek aan slaankrag. Boonop is die manne se verdediging nie na wense nie. Aanspraakmakers is daar volop, maar niemand kon tot dusver die mas opkom nie.

Die enigste speler wat tot dusver redelik aan die verwagting voldoen het, was Frans Kruger. Fires van Vuuren, staatmaker van verlede jaar, vertoon onfiks en lusteloos en die jonger manne soos Charles Venter, Kadot van Heerden en die glibberige Jan Opperman, is nog nie reg vir groot rugby nie.

Henk is reeds geskool in die omstandighede van die eerste liga. Hy hardloop sterk en reguit en met sy verdediging, skopwerk en hantering skort daar niks nie. Hierdie kerel is 'n natuurlike rugbyspeler wat nooit gaan lê voor die eindfluitjie blaas nie.

**Ons beskik oor gevaarlike vleuels, maar die onsekerheid van die senters laat hulle honger ly. As die senters dan nie gevaarlik kan wees nie, laat bestendigheid liewers die wagwoord wees.**

**Voorspelers**

Oor die voorspelers hoef mens nie veel te bekommer nie. Onder die besielende leiding van Jimmy van Rensburg begin hulle reeds 'n hegte eenheid vorm en die manne word nou vinnig fiks. Al die ou staatmakers is weer daar en die nuwelinge, Kobus Venter, Bernard Bernardo, speel self windmaker.

Dan is daar nog puik reserwes soos die beseerde Basjan Reynardt, Chris Laubscher en Kobus Kotze. Hierdie spelers sal geen span in die steek laat nie.

# TAFELTENNIS VAAR BESONDER GOED

**TYDENS DIE WES-TRANSVAALSE geslote tafeltenniskampioenskappe het die Pukke hulle goed van hul taak gekwyt. Petrus Kruger van Over de Voor en Ben Schutte van die dorp is uitgeskakel deur Werner Schulze en Rynar Swalen in die halfeindronde. Laasgenoemde twee is die twee voorste spelers in Wes-Transvaal.**

Elsa de Wet, oud-Springbok, wat weer na drie jaar aktief begin speel het, het deurgedring tot die halfeindrondte, voor sy uitgeskakel is. Sy en Isobel Kruger is in die damesdubbelspel ook in die halfeindrondte geklop.

Leon Theron, vierde gekeur vir die kampioenskappe, het nie aan die verwagtings voldoen nie en het verloor voordat hy die kwarteindrondte gehaal het. Met die gemengde dubbelspel het dit egter beter gegaan en hy en Elsa de Wet het in die eindrondte teen W. Schulze en Hester Botha verloor.

## BEPALINGS VIR MÔRE

Skerm:
P.U. vs. Wits (Wits).

Rugby:
P.U. vs. Lichtenburg (Lichtenburg).
P.U. o/20 A vs. Weermag o/20 A.
P.U. o/20 B vs. R.P.M. o/20 (RPM).

### KOSHUISLIGA

A-liga (10.30 vm.):
Kompleks vs. Dorp (A.-veld).
Drakenstein vs. P.O.K. (B.-veld).
Dawie Dup vs. Hombre (C.-veld).
B-liga (9.30 vm.):
Kompleks vs. Dorp (A).
Drakenstein vs. P.O.K. (B).
B-liga (8.30 vm.):
Dawie Dup vs. Hombre (C).
C.-liga (9.30 vm.):
Drakenstein (1) vs. Landbou (C).
C.-liga (8.30 vm.):
Over de Voor vs. P.O.K. (A).
Drakenstein (2) vs. Dawie Dup (B).

Manshokkie:
(Woensdag) P.U. vs. Weermag (Weermag).

Dameshokkie:
Wes-Transvaalse proewe:
Heide vs. Oosterhof.
Karlien vs. Klawerhof.

Netbal:
P.U. vs. Potch. Dorp (P.U.).
Heide vs. Oosterhof.
Karlien vs. Klawerhof.

DIE BULT DROOGSKOONMAKERS
Spesiale diens
Voor 12 vm. dieselfde dag
Kollektante in koshuise

G. C. LOOCK
KLEREMAKER
KERKSTRAAT

Vier u groot geleentheid met Rentmeester
'n Verlowing. Bevordering. Huwelik. Baba. Elke lewe het sy groot oomblikke. Hoe kan 'n mens jou geluk 'n bietjie meer permanent maak? Raadpleeg Rentmeester. Elke Rentmeester-polis beteken 'n bestendiger toekoms. Vier dus u volgende groot geleentheid met Rentmeester. Dan is u van lewenslange gemoedsrus verseker.
Rentmeester
VERSEKERAARS BEPERK
Hoofkantoor: Rentmeestergebou, Bosmanstraat 219, Pretoria. Tel. 3-1258
VOLLEDIGE BEPLANDE LEWENSVERSEKERING VERSKAF GEMOEDSRUS
adverto 4129/a

# DIS NOU OF NOOIT PUKKE

**GEWOONLIK het die wedstryd teen Lichtenburg nie veel belangstelling gewek nie, maar môre is dit 'n perd van 'n heel ander kleur. Daarvoor is daar te veel knelpunte in die Theosspan wat môre opgeklaar word.**

More is ook die laaste kans om te eksperimenteer, want aanstaande week speel ons teen die bulspan van Rustenburg. Dan moet elke bal ten volle benut word.

Die meeste belangstelling sal seker gevestig wees op die skakelpaar, Jannie Barnard en Schalk van der Merwe, wat more hul debuut maak. Almal hou styf duim vas dat hulle lewe in die agterlyn kan blaas.

Hulle sal egter hulle speel moet ken, want Lichtenburg beskik oor puik losvoorspelers. Os Steyn en Charlie Pitout sal gewis nie veel beweegruimte laat nie.

Die volledige Pukspan vir môre is: B. Fourie. G. Botha, F. Kruger, H. Coetzee, B. Saayman, S. v. d. Merwe, J. Barnard. T. van Eck, F. Posthma, H. Coetzee, J. van Rensburg (kapt.), P. Brand, D. van Aswegen, B. Bernardo, K. Venter.



**Hierdie nooientjies oefen nie verniet so hard nie. Sewe van hulle is gekies vir die eerste proewe vir die kies van 'n Wes-Transvaalse span. Die gelukkige en bekwame speelsters is Maggie Erasmus, Hester Smit, Ann Grobler, Elsa de Wet, Hannetjie Coetzer, Dalene van Dyk en Hannelie Botha. Een van hulle, Elsa de Wet, is natuurlik 'n Springbok wat vanjaar haar kragte by die Puk kom ingooi het. Aanvanklik het die dametjies gesukkel om in hulle ligawedstryde die mas op te kom, maar verlede Saterdag is die bordjies verhang. Die sterk span van Potch. Dorp is verslaan met 38—15.**

## PIET BRAND NA PROEWE

**PIET BRAND gaan Springbokproewe toe. Alhoewel dit nog nie amptelik bekend is wie deur die Wes-Transvaalse keurders benoem is nie, het die Wapad eksklusief verneem dat Brand wel onder die gelukkiges is.**

Sy benoeming moet natuurlik nog deur die nasionale keurders goedgekeur word.

Dit sal nie die eerste keer wees dat Piet Brand aan die nasionale proewe deelneem nie. In 1968 het hy tydens die proewe vir die kies van 'n span na Frankryk, 'n baie gunstige indruk gemaak en volgens kenners na aan Springbokkleure omgedraai.

'n Lastige besering het hom egter verlede jaar gekortwiek en hom selfs sy plek in die Wes-Transvaal-span gekos.

Vanjaar speel hierdie groot slot (235 pond) egter windmaker rugby. Hy is terug in die Wes-Transvaalse span en in die wedstryd teen Noord-Transvaal, moes Johan Spies net bontstaan. Koerantmanne was dit eens dat Brand die vermaarde Pretorianer oorskadu het.

# Pukke sak uit in Wes-Transvaal ope



## AMPER BOK

'N ONTYDIGE besering bly maar die groot vrees van enige sportman. Gaan vra maar vir Bertie Smit, belowende middelgewigstoeier van die Puk.

Die afgelope naweek moes hy aan die Springbokproewe onttrek as gevolg van 'n lastige rugbesering. Op daardie stadium was hy nog onoorwonne op die toernooi.

Die proewe is in Johannesburg gehou met die oog op die kies van 'n Springbokspan, wat in Kanada aan die wêreldkampioenskappe gaan deelneem.

## GEKIES VIR PROEWE

Vier Pukke is uitgenooi na die finale proewe vir die kies van 'n Wes-Transvaalse span. Hulle is mejj. P. Pretorius, N. Botha, A. Venter, B. Lordan, en J. Slabbert.

## PLANNE

VAKANSIETYD is toernooityd en verskeie sportklubs begin al ernstig voorberei vir die eerskomende S.A.U.-toernooie. Twee klubs, nl. netbal en skerm waag dit vanjaar vir die eerste keer op so 'n toernooi.

Die skermklub het dan ook al reeds begin met groepsafrigting o.l.v. hulle afrigter, mnr. Wilson. Laasgenoemde is baie beïndruk met die Pukke se vertonings en is vol moed vir die toernooi, wat vanjaar op Pietermaritzburg plaasvind.

Die netbalspan gaan vanjaar na Grahamstad, asook na die interprovinsiale toernooi in die Baai. In die tyd sal hulle ook 'n paar vriendskaplike wedstryde teen klubs in Oos-Kaapland speel.

Intussen berig die tafeltennisklub dat die S.A.U.-toernooi vanjaar in Kaapstad plaasvind. Ongelukkig sal die Pukdames nie vanjaar aan die toernooi kan deelneem nie.

**DIE PUKKE wat in verlede jaar se Wes-Transvaalse tenniskampioenskappe goed presteer het, kon vanjaar nie weer die mas opkom nie. Bekende Suid-Transvalers soos Terry Ryan, Rohan Summers, Graydon Gardner, Anita Summers (Van Deventer), Gillian Dove, e.a. het die kampioenskappe oorheers.**

**Johan Malan het in 'n baie gelykopstryd teen Derek Schröder slegs met 7—5, 8—6 verloor. Al wat Malan nog kort kom is baanvernuf, want 'n paar swak skattings het hom belangrike punte gekos.**

Nico Botha het soos 'n beginner gelyk teen Graydon Gardner en met 6—2, 6—2 die spit afgebyt. Botha het met rukke en stote gespeel en gaan maar swaar leef in die eindrondes van die Pukkampioenskappe. Mens wonder wat Johan Malan met hom sal aanvang.

Heloïse Burger, Wes-Transvaal se nr. 1 speelster en verlede jaar se kampioen, het maklik teen Pam Diepraam, vrou van Keith Diepraam, met 6—1, 6—2 verloor. Diepraam is natuurlik die Puk se voormalige afrigter.

Dit was verrassend om te sien hoe maklik mej. Burger die stryd gewonne gegee het teen 'n speelster, wie sy sonder moeite moes geklop het. Heloïse het senuagtig voorgekom en baie swak houe gespeel. 'n Kenmerk van haar spel was die groot aantal dubbelfoute, wat sy op belangrike stadiums begaan het.

In die kwarteindronde van die gemengde dubbelspel, is Nico Both en Heloïse Burger net so maklik uitgeskakel. Hulle het met 6—2, 6—2 teen Ricky Buwalda en Anita Summers verloor.

*Die enigste speler wat tevrede kan voel met sy vertoning, is Pieter de Villiers. Hy het naelskraaps verloor teen Dennis Matthews.*

Dit is duidelik dat die Pukke nog baie wedstrydondervinding kortkom en gevolglik ook die nodige afronding.

## PUKKEURDERS DEUR WES-TRANSVAAL GETOETS

**WIE IS DIE beste losskakel op die Puk. Is dit Piet Roodt of Schalk van der Merwe, of dalk nog die jonge Johan Hunter.**

Dit is egter nie net die Pukkeurders se probleem nie, maar ook die van die Wes-Transvaalse keurders. Aldrie is naamlik benoem vir die proewe om 'n Wes-Transvaalse onder-20 span te kies.

Dit kan dus nou maklik gebeur dat die Puk se ringkoppe en die van die Wes-Transvaal, verskillende spelers kies. Schalk van der Merwe is tans die gunsteling om vir die Puk se eerstes uit te draf, maar Piet Roodt kan nog maklik die Wes-Transvaalse jongspan haal. Trouens, hy het verlede seisoen nog vir Wes-Transvaal gespeel.

Dieselfde probleem geld vir die skrumskakels. Verlede jaar se Wes-Transvaalse kaptein, Charles Venter, is weer benoem, asook die huidige o/20 skrumskakel, Koos Coetzee. Venter is egter so veelsydig dat hy dalk elders ingespan kan word.

Ander manne wat tans vir die senior spanne speel en ook benoem is, is Frans Kruger, Jan Opperman en „Shu" Schutte. Eersgenoemde twee het ook al verlede jaar vir Wes-Transvaal o/20 gespeel.

Nie minder as 23 Pukke is benoem vir die proewe wat verlede Woensdag plaasgevind het nie. Dit is egter ook nie minder as reg aangesien die Puk tans die Wes-Transvaalse junior ligas heeltemal oorheers nie.


GOEIE KOS!
FLINKE DIENS!
u tevredenheid is ons PLESIER!

BAILIEPARK PADKAFEE

(Langs die Johannesburg-pad geleë).
Besit ook dranklisensie
Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
Tel. 6670





U kan gerus u bande versool by . . .

GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK
Groot voorraad
★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die
★ GOODYEAR G 800 loopvlak
LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM
(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)


*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Oliënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*